

ALLE GRAAD EEN INSKRYWING VIR 2017 : BAIE BELANGRIK

STAP VIR STAP TOELATING "ONLINE" GIDS VIR OUERS.

Ouers moet op die webblad <http://www.gdeadmissions.gov.za> gaan dit sal sê "Welcome to Admissions Online Application for 2017"

Die ouer word versoek om die inligting op die welkom bladsy te lees en dan te "click" op die Terme en Voorwaardes. ("Terms and Conditions")

REGISTRASIE PROSES

1.	As u dit vir die eerste keer gebruik moet u registreer : Kies die "Register" skakel. Sleutel die ouer se inligting in.
2.	Daar sal gevra word of u 'n Suid-Afrikaanse Burger is of nie ?
3.	Indien u 'n Suid-Afrikaanse Burger is, sal u gevra word om u ID nommer in te sleutel.
4.	U sal dan gevra word om 'n "username" en "password" in te sleutel, onthou hierdie inligting, want u sal dit nodig hê wanneer u op die webblad wil gaan.

"LOGIN" PROSES

5.	Op hierdie webblad kan ouers: -Hulle inligting nagaan of verander deur op die "My Details" skakel te kies. -'n Kind registreer deur die "register learner" skakel te kies. -Kyk na vordering van u aansoek. -Aansoek doen deur die "Apply for 2017" skakel te kies.
----	---

AANSOEK PROSES

6.	Algemene aansoek <ul style="list-style-type: none">• Kies 'n leerling• Kies die graad waarvoor u aansoek doen.• Kies die adres (huis of werk) sodat die sisteem die 3 naaste skole aan die adres aandui.• Druk "Apply" om u aansoek aan te stuur.• 'n Outomatiese SMS sal na die ouer se selfoon toe gestuur word om die aansoek te bevestig wat "online" gedoen is. Maak seker u gee die korrekte selfoon nommer. Binne 7 dae nadat u kind aanvaar is (u sal sms ontvang)moet u die nodige dokumente by die skool inhandig.
7..	Aansoek vir n leerling wat boeties en sussies in die skool het. <ul style="list-style-type: none">• Kies 'n leerling• Kies die graad waarvoor u aansoek doen in 2017• Kies die "checkbox" om die boetie / sussie se skool te kies.• As die boetie / sussie se skool nie gevind word nie druk "Add Sibling Details" om die boetie / sussie se inligting eerste te kry en dan druk u "sibling's school"

INDIEN U ENIGE NAVRAE HET KONTAK DIE SKOOL ASSEBLIEF.